# Ruach Bediening Nuusbrief

Mei 2023

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ........ 1
2. Gebedsterapie sessies in Mei 2023 ........ 1
3. Getuienisse ........ 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ........ 2
   a. Ons Israel belewenis ... 14 Mei 2023 ........ 2
5. So terloops ........ 26
6. Beplanning vir volgende maande ........ 27
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ........ 27


## 1. Gedagte vir die maand

*Psalm 126:3*

*Die HERE het groot dinge aan ons gedoen: ons was bly!*

## 2. Gebedsterapie sessies in Mei 2023

| | |
|---|---|
| **29** | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| **5** | Gebedsterapie sessies per **Telefoon** |
| **16** | Gebedsterapie sessies per **Video Call** |
| **0** | Gebedsterapie sessies per **Zoom** |
| **0** | Gebedsterapie sessies in **Delmas** |
| **16** | Gebedsterapie sessies in **Middelburg** |
| **25** | Gebedsterapie sessies in **Nylstroom** |
| **0** | Gebedsterapie sessies in **Fochville** |
| **0** | Gebedsterapie sessies per **Video call na Oorsese lande** |
| **91** | **Totale gebedsterapie sessies vir die maand** |

## 3. Getuienisse

**<u>Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening</u>:**

**<u>Getuienis 1</u>:** Oom Sarel, 'n verstommende ding het met my gebeur. Oom het in die sessie vir my verduidelik rondom die tiende's, offergawes en eerste vrug. Ek het gegaan en my tiende uitgewerk en oorbetaal.

Oom weet dat ek 'n "akademie" begin het. Ek vra vir die kinders 'n sekere bedrag per maand. 'n Pa het 'n uur nadat ek my tiende oorbetaal het, sy kind se hele jaar se geld oorbetaal. 'n Ander Pa, wat 'n privaat skool besit, het my gekontak en gevra dat ek my "akademie" by sy skool kan kom hou, dan hoef ek nie 'n perseel te huur nie.

Oom, ek staan verstom en is so opgewonde oor die Here Jesus se Woord. As jy gehoorsaam is, gebeur en val goed in plek. Dit is so lekker om net oorals te getuig en vir die siekes te bid.

**<u>Getuienis 2</u>:** Dankie hemelse vader vir wonderlike mense wat ons so baie help. Dankie dat U hulle oor ons padgestuur om ons te help en ek vra, dat U hulle sal seen in die naam van Jesus Christus. Amen.

**<u>Getuienis 3</u>:** Soo dankie vir jou Video Call gebed wat jy oor die selfoon gedoen het vir my werker. Ek was skoon in trane. Sy was so verlig. Sy was regtig bekommerd dat sy haar kop gaan verloor. Sjoe, die Here gebruik jou sooo kragtig!!!

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Ons Israel belewenis ... 14 Mei 2023

SEENWENSE OOR ONS UITGESPREEK

More Sarel. Ons wil julle net 'n geseënde reis in Israel toewens. Mag julle twee ons Vader se nabyheid ervaar elke sekonde. Mag die waarheid van Sy woord ook daar in Israel gestalte kry en jul ń belewendes ervaar soos nog nooit tevore nie. Dra ons liefde ook oor aan Gerda.

ONS TOER PROGRAM

| Day | Date | Itinerary | Overnight |
|---|---|---|---|
| 1 Sun | 14/05 | We meet at "**ELAL**" departure desk 0f **O.R. Tambo International airport at 18h00**. Complete the necessary formalities, greet family and friends, and **depart for Tel Aviv at 23h30.** | Aboard Aircraft |
| 2 Mon | 15/05 | **Arrive in Tel Aviv at 08h55.** We are met by our Agent and travel to Jerusalem and **visit** the **Mt. of Olives**, **Walk the Palm Sunday Road,** visit the **Dominus Flevit** the **Garden of Gethsemane** and **St. Peter in Galicantu.** We return to Bethlehem and visit the **Church of Nativity** and end the day in the **Shepherds Fields**. | Bethlehem |
| 3 Tue | 16/05 | We travel to **Samaria** and visit **Shiloh**, where the Ark of the Covenant was stationed for 369 years prior to its capture by the Philistine. Return to **Jerusalem** and visit the **Upper Room** on **Mt. Zion** and the **Tomb of King David**, the **Cardo**, **Jewish quarter of the Old city** and the **Western wall** | Jerusalem |
| 4 Wed | 17/05 | This morning we visit the **Pool of Bethesda,** walk the protestant **Via Dolorosa,** (**Lithostratos**) enjoy a Holy Communion service at the **Garden Tomb**. **The rest of the day is at leisure for shopping in the Old City.** | Jerusalem |
| 5 Thu | 18/05 | We travel to the lowest spot on the earth. The Dead Sea. We visit **Masada** which we ascend by way of a cable car. Visit **Qumran** and **enjoy the waters of the Dead Sea.** Finally, visit the **Palm City of Jericho. Travel to Tiberias.** | Tiberias |
| 6 Fri | 19/05 | We start the morning with a **Boat Ride on the Sea of Galilee**. We travel to **Cana** where Jesus preformed His first miracle by changing water into wine (**John 2:1-11**) and visit the **Nazareth Village.** We return to **Tiberias** and enjoy a **St Peters Fish for lunch** and end the day at **Yardenit** Christian Baptism sight. | Tiberias |
| 7 Sat | 20/05 | This is our last day in Israel, we visit the **Mount of Beatitudes, Capernaum, Mensa Christi** and **Tabgha.** We continue to **Muhraqa (1 Kings 18**) on **Mt Carmel** and **Caesarea.** If time allows, we travel to **Japha** the oldest Sea Port in the world, before being transferred to **Ben Gurion Airport** for our flight back to **Johannesburg** at **23h30** | Aboard Aircraft |
| 8 Sun | 21/05 | We arrive in **Johannesburg** at **07h00** after a wonderful pilgrimage in Israel. **May the words be on our mouths be "NEXT YEAR IN JERUSALEM"** | Your own bed |



14/05/2023-Om 23h30 het ons vanaf O R Tambo opgestyg.


Die Israel vlag was oral


Gerda en Marinda, met die lang wag op die lughawe, voor ons instap.



**15/05/2023** - Oggend geland op Tel Aviv lughawe




Binne die vliegtuig, het ons die heeltyd gesien hoe lank dit nog gaan wees.






17/05/2023- Jerusalem

## JERUSALEM


Koning Dawid het aanvanklik 7½ jaar uit Hebron regeer, voordat hy Jerusalem as sy hoofstad ingeneem het, vanwaar hy toe nog meer as 25 jaar oor die hele Israel regeer het. Maar hierdie stad van Koning Dawid, is nie binne die ommuurde gedeelte van dit wat as die "Ou Stad" bekend is nie. Lang storie. Glo my dat die Dawid-Stad teen 'n skerp helling Suid van die huidige, ommuurde stad lê. Soos 'n lang maer knop wat baie gou geheel toegebou was. Soos die stad uitgebrei het, was daar eenvoudig behoefte aan meer spasie. Die uitbreiding het uiteindelik geword wat vandag bekend staan as die "Ou Stad van Jerusalem".

Dis ook belangrik om te onthou dat die grond waarop die stad Jerusalem, aanvanklik Jebus genoem, gebou is, nooit deur Josua aan enige van die stamme gegee moes word nie. Daar lê die offer-grond met 'n stad op en 'n sterk waterbron wat lewensbelangrik was, reg in die middel van die land, maar YHWH Elohim ken dit aan géén stam toe nie. Dit sou Syne bly. En deel daarvan - Sion waar Abraham vir Isak moes offer. Hierdie stuk grond sou later aan Arauna behoort – 2 Sam 24. Koning Dawid sou dit van hom koop om daar 'n offer te bring om die volk van 'n verderflike pes te red. En dit was waar Salomo later die tempel sou bou. Alles dieselfde lappie grond. Sion.

In die Psalms word Sion 37 keer genoem. Hier is enkele voorbeelde:

Ps 48:3 Skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion, aan die noordekant, die stad van die groot Koning!
Ps 50:2 Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans.
Ps 146:10 Die HERE is vir ewig Koning; jou God, o Sion, is van geslag tot geslag! Halleluja!
Ps 147:12 o Jerusalem, prys die HERE! o Sion, loof jou God!
Ps 147:13 Want Hy het die grendels van jou poorte sterk gemaak; Hy het jou kinders binne-in jou geseën.
Ps 48:12 Laat die berg Sion bly wees, laat die dogters van Juda juig oor u oordele.
Ps 48:13 Gaan rondom Sion, trek daaromheen, tel sy torings;
Ps 48:14 let op sy skanse, wandel deur sy paleise, sodat julle dit aan die volgende geslag kan vertel.

*(Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)*



Journey with the Nation of Israel with Dr Arthur Frost

First Edition | May 2023

## A Map of the Old Jerusalem City



As you explore the Old City of Jerusalem, we want to remind you to make use of this map and take note of which gate you entered. The Old City is a labyrinth of narrow streets and alleys, and it's easy to get turned around and lost. However, with the ma and a sense of direction, you'll be able to navigate the city with ease. Take a photo sc you don't have to carry the book with you all the time in the Old City.



Begraafplaas buite die ou stad, Jerusalem


Mure rondom die ou stad, Jerusalem

Die Olyfberg speel 'n groot rol. Getsemané was aan die voet van die Olyfberg omdat daar baie olyfbome teen die hang van die berg geplant was – vandaar die naam. Getsemané word in Hebreeus uitgespreek, Géts-maníe met klem op eerste en laaste lettergreep. Dit beteken olyfpers. Dit is waar die "Grootste Olyf" ooit gepers moes word sodat ons deur Sy salwing, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing kan ontvang. Dit is waar dit gebeur het. Wat ná Sy gevangeneming in die tuin gebeur het, was blote toepassing. In Géts-maníe is dit waar die proses van "pers tot die olie uitgetap is", gebeur het. Olie in die Gees, bloed in die vlees. (Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)



Ons Hotel in Jerusalem


Aandenkingswinkel om houtgoed te koop.



Die poort wat steeds in gebruik is, is die **Mispoort / Dung Gate.** Hierdie poort is van almal die enigste wat direkte toegang gee tot Westelike Muur waar Jode en baie ander mense gaan bid. 'n Gids het in Irael vertel dat die Romeinse keiser Hadrian niks van die Jode gehou het nie. Hy het opdrag gegee dat alle mis (van perde) wat in die strate van die stad versamel is, by die Westelike muur gegooi moes word. So ook ander vullis. Dit het dus 'n "dump" geword en die poort naaste aan hierdie dump – die "Dung Gate"!! Die plek het verander maar die naam het gebly.
By hierdie poort gaan mens met afwagting in om te gaan bid en die belangrikste rede – omdat dit 'n plek van gebed is. Daar is absoluut niks magies aan die plek nie. Dit is steeds op Sion ja! Maar niks verder nie. Dit is hierdie baie hoë muur en soveel mense wat daarheen gaan net om te gaan bid. Mens wil deel wees daarvan.

En om te dink dat dit wat deur die toedoen van 'n Romeinse keiser omskep is in 'n stortingsterrein vir mis, opgeruim is om die absolute teenoorgestelde te wees. Is dit nie presies wat die Verlossing van Yashua ook vir ons doen nie!! (Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)



Hierdie Westelike muur is deur Herodus gebou as 'n stutmuur om die platform wat hy wou skep waarop die tempel gebou is, te stut. Omdat die Allerheiligste van die tempel aan die Westekant van die tempel was, is hierdie muur die naaste plek aan waar dit ook al was. Hoewel hulle 'n sterk vermoede het oor die ware posisie daarvan, kan niemand met sekerheid sê nie. Dit is waarom hulle daar gaan bid.
Om by die **Temple Poort** te kom, stap mens van die Westelike muur af om in die rigting weg van die Sion Poort. Hierdie poort was ook nie 'n Stadspoort nie, maar het toegang tot die Tempel verleen. Daar was eintlik twee poorte – die **Hulda Gate** was die kleiner poort met net een boogvormige ingang. Dit was waar mense ingegaan het na die tempel, want as jy ingaan moet jy op elke trap huiwer en nadink oor wat dit is wat jy moet gaan bely en regmaak voor die Vader. Wanneer jou offers gebring en gebed hanteer is, het jy met groter veerkrag uitgestap – vandaar die drie boë van die **Tempel Poort** wat vinniger verkeer van mense kon hanteer. Een van die drie boë is wel toegebou toe die El Aqsa Moskee gebou is.

Dit was op hierdie trappe waar Jesus die skrifgeleerdes berispe – die woorde van hierdie berisping is opgeteken in Matt 23
Sien die onverskrokkenheid van ons Messias wat op daardie besige trap waar soveel mense bymekaar was, die skrifgeleerdes nie gespaar het nie. Hy het geweet dat hulle Hom gaan doodmaak, maar Hy het nie gehuiwer om die waarheid te praat nie. En dit wat Hy daar vir hulle gesê het, is dinge waarvan ons vandag seblief steeds moet leer.

Nog iets om te onthou is die doel van 'n muur om 'n stad. Dit was hoofsaaklik vir beskerming. Baie boere het buite die mure van die stad geleef om te kon boer, maar wanneer die vyand met 'n beleg gekom het, het al wat leef – mens en dier - agter die mure van die stad in gekom.
*Sagaria 2:5 En Ek sal vir hom wees, spreek die HERE, 'n vurige muur rondom en tot heerlikheid daar binne-in.*

*Ps 122:1 'n Bedevaartslied. Van Dawid. Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die HERE gaan!*
*Ps 122:2 Ons voete staan in jou poorte, o Jerusalem!*
*Ps 122:3 Jerusalem wat gebou is soos 'n stad wat goed saamgevoeg is,*
*Ps 122:4 waarheen die stamme optrek, die stamme van die HERE—'n voorskrif vir Israel! —om die Naam van die HERE te loof.*
*Ps 122:5 Want daar staan die stoele vir die gereg, die stoele van die huis van Dawid.*
*Ps 122:6 Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe!*
*Ps 122:7 Mag daar vrede wees in jou skanse, rus in jou paleise!*
*Ps 122:8 Ter wille van my broers en my vriende wil ek spreek: Vrede in jou!*
*Ps 122:9 Ter wille van die huis van die HERE onse God wil ek die goeie vir jou soek.*

*Openb 21:1 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.*
*Openb 21:2 En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.* *(Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)*


Strate in die ou stad, Jerusalem


Strate in die ou stad, Jerusalem


Strate in die ou stad, Jerusalem.


Strate in die Ou stad, Jerusalem



Onder die strate van die ou stad Jerusalem, met die opgrawings.

Net waar ons om die eerste draai gaan, is daar oorkant die pad 'n grot waar, so word beweer, Jeremia ondergronds aangehou is toe Jerusalem grootliks vernietig is met die inval uit Babilon, toe die stam van Juda ook vir sewentig jaar in ballingskap weggeneem is. Jeremia het dit voorspel, maar niemand het hom geglo nie. Terwyl ons so bult op stap, oorweeg dit hoeveel waarskuwings daar steeds in die Woord is waaraan ons ons nie steur nie. (Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)



Ortodokse Jode in die ou stad, Jerusalem.






**STEFANUS SE POORT / LION'S GATE / OOK GENOEM SKAAPPOORT**

(Steeds aan die Oostekant van die Ou Stad. Eintlik Oos-Noord-Oos)

Kom ons begin by die laaste naam hier genoem – Skaappoort.

Wanneer jy by hierdie Poort ingaan, beweeg jy in 'n Noordelike rigting agterom die plek waar die Tempel gebou was. As jy van die poort af in die ou stad instap, kom jy by die plek waar Pontius Pilatus se "paleis" was asook waar dit wat as die "Pretorium" bekend staan, was. Laasgenoemde was 'n plek met 'n soort verhoog of verhewe deel waar Pilatus sou wees, met trappe wat sou af gaan na waar die volk in 'n soort binnehof kon versamel as hulle 'n saak met hom wou besleg. Iets soos om te vra dat Jesus, Yeshua, gekruisig moet word.

Maar dis nie die eingste doel of nut van hierdie poort nie. Hierdie poort het die beste toegang gegee tot die area waar lammers aangehou is wat mense kon koop om 'n offer te bring by die tempel. Dink daaraan dat mense van ver gekom om veral met Pase 'n offer te bring. Hulle kon dit nie waag om 'n lam van die huis af te bring nie en die risiko te loop dat die lam op pad iets oorkom en nie goedgekeur word om ge-offer te word nie. Daarom is daar in die herdersvelde van Bethlehem baie lammers geteel wat by die tempel gekoop en dan ge-offer kon word. Vandaar die naam "Skaappoort"

Onthou dat die belangrikste Paaslam van alle tye, ook in die herdersvelde van Bethlehem gebore is.

En vanwaar die derde naam - Stefanus se Poort. Dit is net buite hierdie poort waar Stefanus as die eerste martelaar vir sy geloof in Jesus wat die Christus is, gesterf het toe hy gestenig is. En onthou dat die skrifgeleerdes hulle toga's voor Paulus se voete kom gooi het om met meer fors te kon gooi en Stefanus so te kon doodmaak! Hand 7:58.

Let op hoe groot is dit! Die poort waar die skape ingebring is – skape wat as offers moes dien om sonde en ongeregtigheid te vergewe, is dieselfde poort waar die beslissing geval het op die Grootste Lam in menseheugenis. Hier is die keuse gemaak. Wat omstanders nie geweet het, dat Hy die ongeregtigheid van die ganse mensdom sou wegneem nie. Dit is ook dieselfde poort waar die waarskuwing vervul is dat gelowiges vir hulle geloof vervolg sal word en selfs doodgemaak sal word. Die Leeu van Juda wat ons vooruitgegaan het om ons te verseker dat Hy wel vir ons die weg berei het!!! Kan dit wees waar die derde naam van die poort vandaan kom? Weerskante van die poort is twee kleinerige leeus in reliëf uit klip gekap, soos twee teëls,

aangebring. Niemand kon nog vir my bevestig waarom dit daar is nie, maar ek glo dat ons Vader dit toegelaat het.
(Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)


Kruie verkoper in die ou stad


Winkels en winkels in die ou stad


Strate van die ou stad


Lekker goed winkel




## HERODUS SE POORT. HEROD'S GATE

Onthou dat Herodus die tempel gebou het wat so 'n ontsaglik indrukwekkende gebou was dat dit beskryf is dat selfs mens uit Rome gekom het om dit te aanskou en almal was dit eens dat dit

die beste bouwerk was wat hulle aanskou het. Herodus het ook die hawe van Cesaréa gebou. Daar was nie 'n natuurlike hawe nie, hy moes een uit niks uit, skep. Hy het die kennis gehad om daar 'n muur in die see – onder die water – te bou!!! Hierdie muur het as breekwater gedien om skepe veilig te hou. Wat bouwerk betref was hy sy jare myle vooruit.
En dan kom jy by hierdie eenvoudige poort – waaraan daar absoluut niks is nie, tog is dit vernoem na hierdie magtige bouer!
Die uiteindelike betekenis vir my, van hierdie poort, is dat slegs dit wat ons ons Christus is en ontvang, ewigheidswaarde kan hê.

WIE en WAT ons is, is wat ons IN CHRISTUS Jesus is. Dis al.
*Fil 4:13 Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.*

DAMASKUS POORT




Damaskus lê Noord van Israel. Of dit is waarom hierdie Poort die naam gekry het, kan mens net bespiegel. Maar hierdie is die mooiste van al die poorte. Met klipwerk baie mooi gemaak. Selfs buite, in 'n halfsirkel, pragtige trappe wat jou af lei en uitnooi om na die ingang te gaan. Bo-op die muur bokant die Poort is ook die mooiste torinkies gebou. Die hout deure is ook nog daar.
As jy nou regtig ver kan gooi met 'n klip, sal van hier af die tuingraf kan raak gooi. Dis 'n kort stappie van hier tot by die tuin.
Die enigste profetiese betekenis wat by my opkom rondom hierdie poort, is die gestoei oor waar die kruis en die graf van ons Messias was. Die ouens wat sê hulle weet, beweer dis op 'n heel ander plek wat vandag deel is van die ou stad. Ander weer, dink dit kon in die tuin wees wat aangebied word as die plek van die tuingraf.
Nou wat kan profeties wees aan die gestoei?
Waarskynlik die vraag – wat is die belangrikste? Om te weet wáár dit gebeur het, of om te weet dát dit gebeur het!? Hoe dikwels hou ons onsself nie besig met allerlei redenasies oor dinge waarvan die antwoord nie werklik dit is wat ons lewens verander nie!

Mag ons waarlik stil word en vir onsself uitklaar wat dit is wat regtig belangrik is in ons lewens. Kom ons hanteer dit en skuif dit wat eintlik ons fokus steel, net weg.

Vader!! In die Naam van Jesus bid ons – gee ons seblief U fokus en U vrede! Help my om die dinge opsy te skuif wat nie belangrik is nie.

Jesus! Mag U waarheid in klaarheid in ons neergelê word. Asseblief Jesus!!

Joh 8:31 En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels.
Joh 8:32 En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.





Winkels in die nuwe stad, Jerusalem

JAFFA HEK



Hierdie poort lê Wes van die Ou Stad en die eerste ent wat ons stap om daar te kom, is redelik bult op. Net voor mens by die bopunt van die bult kom, is daar nog 'n poort – **New Gate** is sy naam. En dis wat dit is. Dis nie so oud soos die ander poort nie en het geen Bybelse verwysing nie. As jy daar sou in gaan, stap jy in 'n pragtige stegie af om uit 'n ander rigting by die plein van Jaffa Hek uit te kom.

Omdat daar veel meer opwinding aan die Jaffa Hek is, hou ons verby. Op die kop van die opdraende draai ons links af op ‘n breë voetpad wat geplavei is met die pragtige sand-wit Jerusalem steen. Links van ons toring die ou stadsmuur hoog bo ons uit en daar is ‘n effense afdraende na die poort wat vandag ‘n groot bymekaarkomplek is.  Baie na aan die hek is ‘n area waar busse mag parkeer om groepe op te pik. Daar is ruimte vir groepe om te wag tot die bus kom. Hierdie area word ook vandag gebruik vir allerhande verrigtinge, uitstallings en klein aanbiedings. Selfs al is daar nie juis mense nie, voel jy die feestelike atmosfeer aan.

Hierdie poort is imposant. Hoog. Groot.  En gebou op die tipiese ontwerp wat die mense wat binne bly, sal beskerm teen aanvallers. Wanneer jy as ‘n buitestaander by so ‘n poort in gaan, laat die ontwerp jou toe om deur een opening in te gaan maar in ‘n relatief klein ruimte, loop jy jou dadelik vas teen ‘n muur. As aanvaller moet jy dan links draai om deur die volgende opening te gaan sodat jy in die stad kan ingaan. Die groep wat aanval word in die draai opgebondel en vertraag sodat die wat die stad beskerm, tyd het om die aanvallers minder te maak. Die Sion Poort is ook so gebou, daar draai mens net regs om in die stad in te gaan.


In hierdie Jaffa Hek is daar ook een van die openinge wat ek sleutelgate noem. Aan die binnekant het hulle ‘n soort platvorm gebou waar minstens twee mans sal kan staan. In die buite deel van die muur het hulle ‘n lang gleuf oopgelaat, hoekome weet ek nie, maar altyd met ‘n ronde gaatjie aan die onderent. Vandaar die herhinnering aan ‘n sleutelgat. In die dae van oorlog voer met pyl en boog, kon “skerpskutters” ook die stad deur hierdie gleuf beskerm. Dit sou byna onmoontlik wees om van buite af ‘n pyl deur hierdie gleuf te kry.
As mens gelukkig is, stap jy daar in terwyl ‘n meisie met ‘n wit rok aan, op daardie platvorm op ‘n harp sit en speel!



Wanneer mens in stap deur die poort, wag daar ‘n roesemoes van mense op jou. Langs die antieke poort, is ‘n groter opening in die ou stadsmuur gemaak sodat voertuie daar kan in en uit. Onthou dat die Ou Stad in vier dele verdeel is. Een deel word bewoon deur Moslems, ‘n volgende deur Jode. Nog ‘n deel behoort aan Christene en die laaste deel is die “Armenian Quarter”. Vanuit die plein by die Jaffa Hek, het mens direkte toegang tot die Christen Kwart, die Armeense deel asook die Moslem deel. Laasgenoemde deur een van die lekkerste strate van die ou Stad – “David Street”. Om deur hierdie hek in te stap, is om jou skielik in ‘n ander wêreld te bevind. ‘n Stadspoort is ‘n plek waar alles bymekaar gekom het  - mense wat koop en verkoop, wat oeste inbring, wat regsake bespreek en baie meer. Dit is wat mens ook in hierdie stadspoort beleef. Onthou dat dit in ‘n stadspoort was wat Abraham die grond gekoop het waarop die spelonk van Mapéla was. Dit was ook in die stadspoort van Betlehem waar Boas onderhandel het om Rut as sy vrou te kry. Die stadspoorte was ruim genoeg om baie mense bymekaar te kry.

Ook hier is altyd baie mense. En as jy vandag hier gaan sit om sommer net te kyk, kom Sagaria 8 by jou op:
*Sag 8:4  So sê die HERE van die leërskare: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit—elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae.*
*5 En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel.*

*6 So sê die HERE van die leërskare: As dit te wonderbaar is in die oë van die oorblyfsel van hierdie volk in dié dae, sal dit ook in my oë te wonderbaar wees? spreek die HERE van die leërskare.*




.
"Harp" brug in Jerusalem



Nag uitsig van Jerusalem, uit ons Hotel kamer venster


Hotel se eetsaal.


Sons opkoms oor Jerusalem



"Term" gery in Jerusalem


Opgrawings langs die mure



Binnekant van die "Upper Room"


Die area waar mens in ry na die **Zion Gate** of **Poort van Sion,** is 'n besonder betekenisvolle plek. Dit was in hierdie area waar die bovertrek was waar ons Messias Sy laaste maaltyd met Sy dissipels genuttig het. Dis waar Jesus Sy dissipels se voete

gewas het en waar alles afgespeel het wat in Johannes 13 tot 17 verhaal word. Lees veral weer Johannes 17 waarin die laaste gebed wat ons Heer vir Sy dissipels gebid het, opgeteken is.
Na die maaltyd is hulle van daar na Getsemané. Die korste roete sou deur die Kidron Vallei wees. Na Hy gevange geneem is in die tuin, het hulle Hom na die huis van Kajavas gebring wat ook in hiedie area is, bult af en verder Suid-Oos van waar die bovertrek was. Van die Olyfberg af na Kajavas se huis sou hulle weer deur die Kidron Vallei gegaan het, reg onder berg Sion. (Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)



Joh 5:2 En daar is in Jerusalem, by die Skaapspoort, ‘n bad met vyf pilaargange wat in Hebreeus Betésda genoem word.



Die Olyfberg speel ‘n groot rol. Getsemané was aan die voet van die Olyfberg omdat daar baie olyfbome teen die hang van die berg geplant was – vandaar die naam. Getsemané word in Hebreeus uitgespreek, Géts-maníe met klem op eerste en laaste lettergreep. Dit beteken

olyfpers. Dit is waar die "Grootste Olyf" ooit gepers moes word sodat ons deur Sy salwing, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing kan ontvang. Dit is waar dit gebeur het. Wat ná Sy gevangeneming in die tuin gebeur het, was blote toepassing. In Géts-maníe is dit waar die proses van "pers tot die olie uitgetap is", gebeur het. Olie in die Gees, bloed in die vlees. (Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)





Tuin by Getsemane

Oos van die Tempel, was en is steeds die Olyfberg.

Wanneer Jesus uit Galilea se rigting (waar Hy meesal vertoef het) sou kom, sou Sy pad Hom min of meer in die Jordaan Vallei af neem tot waar Hy Wes sou draai (dalk by Jerigo) na Jerusalem en dan sou Hy uit die Ooste juis oor die Olyfberg kom, van bo en dan af deur Getsemane en weer bult op na die Ou Stad toe. Getsemane lê in die Kidron Vallei wat nogal heelwat laer is as beide die Olyfberg aan die een kant en Sion aan die anderkant van die kloof. Hierdie pad oor die Olyfberg was ook die roete wat Yeshua gevolg het toe Hy die laaste keer Jerusalem ingegaan het op die rug van 'n donkie - bo van die Olyfberg af, deur die Kidron en op na die stad. (Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)







Wonderlike ervaring gehad binne die grafkelder



Binne die grafkelder



Voor die grafkelder afgeneem.

## OLYFBERG

Dit was ook op die Olyfberg waar Yeshua Sy profetiese woord met Sy dissipels gedeel het. Matt 24:1-14 en  Markus 13:1  Volgens die Evangelie van Lukas het Jesus in Betánië van Sy dissipels afskeid geneem voor Sy hemelvaart. Betánië is óók op die Olyfberg, net meer aan die Oostekant van die berg. Sy hemelvaart was dus ook van die Oylfberg af. Maar daar is meer:
*Sag 14:4  En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. (Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)*

Olyfberg



## DIE GOUE POORT

Hierdie was NIE 'n poort van die ou stad nie. Die poort het toegang verleen tot die tempel area. Dit is hoofsaaklik gebruik deur mense wat die tempel verlaat het. 'n Pragtige poort met twee baie hoë boë met 'n imposante "raam" wat bokant en weerskante van die poort uitgebou is. Maar die poort self, vandag, baie dig toegebou. Daar kan vir baie jare al, nie 'n stoffie daar deur nie.
En die rede?
Mense van die Moslem geloof het besluit – as Yeshua ooit sou terug keer en probeer om deur daardie poort te stap, sal hulle dit verhoed deur die poort toe te bou. Verder is daar ook teen die kant van die heuwel wat van die poort afsak na die vallei toe, 'n magdom grafte van Moslems - ook met die gedagte dat Hy nie sal wil loop waar grafte is nie.

Die profetiese betekenis van die Goue Poort: Ons Messias het opgestaan. Hy is vandag alomteenwoordig. Geen mure, deure of dakke, niks kan Hom weg hou van waar Hy wil wees nie, want Hy is reeds oral teenwoordig!!
Tog bou mense steeds deure en hoewel hierdie deure Hom nie kan "uit hou" nie, bou die mens dit. Haat bou stewige mure en deure. Waar haat is kan liefde en vriendskap nie inkom nie! Onvergewensgesindheid bou mure en deure – ook wanneer ons onsself nie kan of wil vergewe nie, bou ons onsself in 'n kerker toe!! 'n Mens wat homself nie kan vergewe nie, kan nie opstaan in sy skeppingsdoel nie. As jy leef met dinge waarin jy in jouself teleurgesteld is, dra jy dit oor in jou verhoudings, in wat jy doen en praat en probeer gee!
Ons durf nie anderpad kyk en dink dat ons negatiewe gevoelens en gesindheid vanself sal weggaan nie. Ons bou mure en ons bou die enigste poort in die muur toe so lank ons so leef.
Hoekom word die poort juis die Goue Poort genoem? Wanneer die son in die Ooste opkom, weerkaats sy strale 'n goue kleur van die wit klip waarmee die muur gebou is. Kom ons gaan vir goud!! Word stil by YHWH Tsidkenu – God van geregtigheid. Vra Hom wat daar is wat ons met wortel en tak uit ons binneste moet uitroei. Doen dit. Doen dit deeglik. Kry klaar sodat ons met verwagting kan put uit die Goddelike belofte van die salwing van Géts-manié – die salwing wat jukke breek sodat ons vry kan uitgaan in wat Hy vir ons in gedagte het!

*Mal 4:2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.*
*Mal 4:3 En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die HERE van die leërskare.* *(Inligting, met erkenning aan Este Geldenhuys)*





Toe ry my busse met my naam daarop in Jerusalem rond!!
Ons kon ons Suid Afrikaanse twee punt proppe gebruik

### 5. *So terloops ....*

Before he died, Billy Graham was returning to Charlotte after a speaking engagement and when his plane arrived there was a limousine waiting to transport him to his home. As he prepared to get into the limo, he stopped and spoke to the driver.

"You know," he said, "I am 87 years old and I have never driven a limousine. Would you mind if I drove it for a while?"The driver said, "No problem. Be my guest!"

Billy gets into the driver's seat and they head off down the highway. A short distance away sat a rookie State Trooper operating his first speed trap. The long black limo went by him doing 70 in a 55 mph zone. The trooper pulled out and easily caught the limo and he got out of his patrol car to begin the procedure.

The young trooper walked up to the driver's door and when the glass was rolled down, he was surprised to see who was driving.
He immediately excused himself and went back to his car and called his supervisor.

He told the supervisor, "I know we are supposed to enforce the law, but I also know that important people are given certain courtesies. I need to know what I should do because I have stopped a very important person."

The supervisor asked, "Is it the governor?" The young trooper said, "No, he's more important than that." The supervisor said, "Oh, so it's the president." The young trooper said, "No, he's even more important than that."

The supervisor finally asked, "Well then, who is it?"

The young trooper said, "I think it's Jesus, because he's got Billy Graham for a chauffeur!"



## 6. *Beplanning vir volgende maande*

**DELMAS**

**MAANDAE** is ek in Delmas.
Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487**

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | FOCHVILLE |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Petro Gerber ✆ 076 577 6296** |
| **2023** | **2023** | **2023** |
| 2 & 3 Junie 2023 | 5 & 6 Junie 2023 | 22 Junie 2023 |
| Geen | Geen | 20 Julie 2023 |
| 4 & 5 Augustus 2023 | 7 & 8 Augustus 2023 | Geen |
| 1 & 2 September 2023 | 4 & 5 September 2023 | 21 September 2023 |
| 6 & 7 Oktober 2023 | 9 Oktober 2023 | 26 Oktober 2023 |
| 3 & 4 November 2023 | 6 & 7 November 2023 | 23 November 2023 |
| 1 & 2 Desember 2023 | 4 Desember 2023 | Geen |

## 7. *Woord in Aksie kampe – Pretoria*

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881




*Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke*

*Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee*